

OOR & PLOOITJIES & KUILTJIES

Fisionomie (die studie van die gesig) help jou eerstens om jousef beter te verstaan, en wanneer jy ander se gesigte kan lees, sal jy hulle ook beter verstaan. "Jy weet dadelik hoe om 'n ander mens te benader as jy sy gesig kan lees," sê Marthie Maré, professionele gesigsontleider van Pretoria. Sy het die drie paartjies se gesigte van alle kante bekyk en moontlike konflikgebiede uitgewys.

DIAAN & JODY

Ons kuier by die Mugg & Bean in Lonehill - 'n klipgooi van die 7de Laan-stel. Terwyl ons op Jody wag, wys Diaan vir my 'n selfoonfoto van hul 15 maande oue Olivia-Rose. Die ene lagbekkie. "Sy aard na haar pa! Vreeslik sosiaal," sê Diaan. Anders as Paula, is Diaan nie regtig 'n sosiale vlinder nie. Sy lig haar kop, soek die kelner en sê: "Ons kan solank bestel. Jodi is hier, ek het sy motor gehoor." (Jody noem dit sy "gangster" motor - 'n afslaankap BMW 325i wat jy, ja, van ver af hoor aankom.) Dié twee is so "tussen ses en sewe jaar" bymekaar. Diaan giggel. Nie een van hulle weet presies op watter datum hul herdenking gevier moet word nie. Die gesprek draai na die gesigsontleidings. Die twee loer onderlangs na mekaar, asof hulle reeds weet wat gaan kom.

● Marthie sê: Diaan en Jody het albei geheimlyntjies om hul mond-hoeke. Dit beteken dat hulle mekaar se ingesteldheid op privaatheid deel. Hulle hou van sosiaal wees, maar het soms nodig om van hul bewonderaars weg te kom. Hulle laat slegs 'n intieme groepie vriende na aan hulle toe. Hulle kan deurnag met mekaar gesels en kuier. Konflik kan ontstaan as dinge te besig word om tyd aan mekaar te bestee.

"Beslis. Ons kan ure lank sommer net gesels," sê Diaan. Sy dink 'n bietjie, en voeg by: "En ja, ons moet spesiaal tyd inruim vir mekaar. Jissie, dis baie belangrik." Sy kyk na Jody en sit haar hand op sy voorarm. "Ek moes veral met Olivia-Rose se koms seker maak dat ek Jody nie afskeep nie. Sy was my hele wêreld - in so 'n mate dat ek soms van Jody vergeet het.

"Maar ons het albei 'n vol lewe; het die wêreld vol gereis, klaar gejol. Ons albei se droom was om eendag 'n gesin te hê. Dis waar ons nou is. En ons leef in die 'hier'," sê Diaan.

● Marthie sê: Diaan het 'n betreklike ronde ken, terwyl Jody s'n heeltelmal rond is. Jody kan soms in vervoering raak oor hoe sy

Al ooit daaraan gedink dat jou maat se prominente neus of die plooitjies tussen sy oë jou kan help om hom beter te verstaan? Drie glanspaartjies het gaan hoor wat hul gesigte alles van hulle en hul maats verklap. Deur Maretha Botes. Foto's deur Leana Clunies-Ross

besluite ander sal raak en dan sal Diaan hom aan die logika agter 'n saak herinner. Sy sal mense in ag neem wanneer sy besluite neem, maar soek eers die feite. Albei moet daarteen waak om nie ander se behoeftes bo hul eie te stel nie.

"Jody het 'n hart soos 'n bus. Hy sal almal help as hy kan," sê Diaan. Jody glimlag skaam vir haar. Een van sy gunsteling-tydverdrywe is om veteraanmotors te herstel. Hy weet goed hoe die binnekant van 'n motor werk, en mense vra hom gereeld om met hul stukkende motors te help. "Maar ek het, veral vandat 'Livia deel van ons lewe is, geleer om vir mense te sê 'nee, Jody kan nie nou nie,'" sê Diaan.


Jody lag. "Ek sê darem ook soms 'nee'."

● Marthie sê: Hul wenkbroue dui op die duidelike verskil in die soort inligting wat hulle verkies om te hoor. Diaan verkies heelwat minder inligting as Jody. Diaan kan dalk soms voel dat Jody vir haar wil voorskryf. Hoewel dit konflik kan veroorsaak, kan die uiteenlopende eienskappe mekaar ook goed aanvul. Jody kan van Diaan leer om dinge te vereenvoudig en Diaan kan van Jody leer om haar fokus op detail te behou.

"As ons oor 'n probleem praat, sal ek groot en emosioneel daaroor dink. Jody hoor dit net nie. Hy wil net tot die punt kom sodat hy die probleem kan oplos," sê Diaan en knipoog. Hulle lag lekker. Jody sê hy voel net "jy mors tyd as jy," en voor hy kan verder praat val Diaan hom in die rede. "... emosioneel dink!" sê sy en gooi haar hande in die lug.

● Marthie sê: Deur na hul neusvorm te kyk, is dit duidelik dat Diaan en Jody toegewyde werkers is en die vermoë het om projekte met hul kreatiwiteit te verryk. Hulle verkies om hul idees te kombineer met wat van hulle verwag word, en het 'n goeie begrip vir mekaar se werk. Hier sal min konflik wees, behalwe waar Jody dalk vir Diaan advies sal gee van hoe sy dinge anders kan doen - sy laat haar nie maklik voorskryf nie. Maar die advies word goed bedoel

DIAAN EN JODY SE KIERS VAN WOOLWORTHS. PRODUKSIE EN STILERING: SUZANNE VENTER. HARE: KAREN VAN WYNGAARD MET PRODUKTE VAN MAC. GRIMERING: LESLEY WHITBY MET PRODUKTE VAN MAC.



"Diaan en Jody het albei 'n rebelse streep oor voorgeskrewe reëls en regulasies. Hulle is vrye denkers en verkies om hul werklikheid uit te leef," sê Marthie.

"O ja! Spyker op die kop! Maar 'n mens weet dit mos ... die advies is net nie altyd nodig of welkom nie," sê Diaan.

"Is so. Jy sal in alle gevalle vir my advies gee. Maar ek het ook nou al geleer dis nie kritiek nie. Dis nie 'n persoonlike aanval nie. Dis maar net dat hy dink dat ek iets eerder anders moet doen," sê Diaan. "You can do it your way, but my way is better!" sê Diaan met 'n stoute vonkel in haar oë.

● **Marthie sê: Diaan en Jody het albei 'n rebelse streep oor voorgeskrewe reëls en regulasies. Hulle is vrye denkers en verkies om hul werklikheid uit te leef. Die spoed waarmee hulle besluite neem, kan moontlik konflik veroorsaak. Diaan wil dinge eerder "reg" doen, en Jody wil dinge "nou" doen. Solank hulle mekaar die vryheid gun om te groei en mekaar se besluite respekteer, sal dit goed gaan. Nie een wil deur die ander een voorgeskryf word nie. We agree to disagree, is 'n goeie leuse vir Diaan en Jody.**

Hulle giggel. "Still working on that!"

"Ek sê altyd ek is eerder saam met iemand wat my passie in die lewe deel en bereid is om dinge saam met my uit te figure, as wat ek verveeld is," sê Diaan en kyk na Jody. "En hy voel dieselfde. Verveling is ons dood. Kan nie in 'n plek werk waar ons verveeld is, of vervelige verhoudings hê nie. Ons het eenmaal 'n boek gelees, astrologie of iets, waarin daar gestaan het ek en Jody was in 'n vorige lewe óf minnaars óf vyande ... of albei. Daar's soveel passie tussen ons dat daar soms maar vurige (konflik) oomblikke is. En dan moet ons eers 'n bietjie afkoel." Jody knik en sê: "En dis gesond. Dis wat die verhouding aan die gang hou. Niks is ooit vervelig nie!"

ELIZE & WILSON

Die akteurspaar Elize Cawood en Wilson Dunster is al 29 jaar getroud. "Beslis te danke aan ons sin vir humor, en die feit dat nie een van ons heeltemal straightforward mense is nie," sê Elize.

"Dis die einste eienskappe wat ons 32 jaar terug na mekaar toe aangetrek het," sê Wilson.

Pas nadat hulle mekaar ontmoet het, het hulle een Sondagmiddag in Hillbrow oor 'n besige straat gestap. "In die middel van die pad het Wilson skielik botstil gaan staan, na my toe gedraai en albei my ekstra groot sonbril se lense sopnat geleek en weggehard-loop! En daar staan ek toe, verskrik omdat ek niks kan sien nie. Natuurlik nie daaraan gedink om die bril af te haal nie!"

Die twee is al deur diep waters, en moes onder meer saam 'n paar jaar terug Elize se servikale kanker oorleef. "Ja, saam," sê Wilson. "Want ons moes albei daarmee cope," sê hy en knik nadenkend. "Ons is altwee maar eksentriek op sekere maniere en ons moes leer om dit te aanvaar, want jy kan iemand nie verander nie. Ons herinner mekaar nog gereeld daaraan dat 'dit ek is hierdie'," sê Wilson.

● **Marthie sê: Hul wenkbroue wys dat Elize en Wilson albei met hope kreatiwiteit geseën is. Elize sal idees met Wilson deel en hy sal die praktiese toepassing daarvan uitwerk. Wilson het 'n skuins voorkop wat sy visuele denke simboliseer. Hy dink uit die vuis en het 'n talent om in moeilike en noodsituasies leiding te neem ter-**

wyl ander verwonderd toekyk met watter grasia hy dit doen.

"Dis beslis waar. Wilson is baie georganiseerd terwyl ek die teenoorgestelde en baie impulsief is," sê Elize. "Hy sal twee weke lank loop en dink of hy paar skoene moet koop, dit dan koop, en besluit om dit terug te neem. Ek sal iets sien, daarvan hou en dadelik koop!" Oor haar man se vermoë om leiding in moeilike omstandighede te neem, onthou sy 'n voorval kort nadat sy haar kanker oorwin het. Wilson het eendag gesien hoe die buurman doelloos en verdwaas in die tuin rondstaan.

"Ek het onmiddellik die kyk in sy oë herken. Ek het net geweet kanker is by sy vrou gediagnoseer," sê Wilson. "Die ou het ietwat verlore gelyk. Ek het met hom gaan praat, en kon baie keer net vir hom 'n uitlaatklep wees."

● **Marthie sê: Elize se beginner-wenkroue (digte haartjies aan die begin van die wenkbrou wat skielik baie dun word) wys dat sy aan die begin van nuwe projekte baie entoesiasies is. Sy kan belangstelling verloor of verveeld raak sodra sy sien dat sy 'n projek baasraak, en daar lê dalk 'n paar onvoltooide projekte in 'n kas. Dit beteken nie dat sy nie in staat is om dit af te handel nie, net dat die entoesiasme soms taan. Sy hou daarvan om voorbereid te wees en sal 'n Pandora-boks vol goed hê "net vir ingeval".**

Daar kan 'n bietjie irritasie voorkom wanneer hulle saam aan 'n projek moet werk: Elize raak baie entoesiasies aan die begin van projekte en Wilson kry momentum aan die einde van projekte. Wilson het vertikale lyntjies wat teen sy wenkbroue raak - woedeplaggies - en dit dui op onderdrukte frustrasie en/of woede. Dit het tot gevolg dat hy nie altyd sy frustrasie verwoord nie en eerder stilbly om die vrede te bewaar, of 'n diplomatieuse manier kry om dinge te sê.

Wat die uitbrandingslyne betref, behalwe dat dit ook soms frustrasie kan veroorsaak, wil ek Elize en Wilson aanbeveel dat hulle tyd moet inruim om na hul omstandighede te kyk en uit te werk hoe en waar hulle "my-tyd" en "ons-tyd" kan inruim.

Vra jy wat sy in haar handsak het, sal jy verras wees om te hoor daar is selfs 'n haarkruller in - vir ingeval.


"En ja, as jy bo in my kas kyk, sal jy 'n paar onvoltooide kledingstukke sien - goed wat ek begin het en nooit sal klaarmaak nie! Ek werk somer die verkeerde mou aan die verkeerde gat!" sê Elize.

Vir Wilson is dit geen bekommernis nie. "Ons werk deksels goed saam! Eintlik is dit 'n goeie ding dat ons so verskillend is. Dit help ons om dinge uit te werk, en saam deur moeilike tye te kom," sê hy.

Sy sê simpatiek: "Wilson rus nooit nie. Hy gun dit nie vir homself nie. Ek sal twee dae lank net kan lê en lees, terwyl hy sy kalender vooruit beplan."

● **Marthie sê: Wilson se onderlip is effens dominant wat wys hy is 'n spontane kommunikeerder met goeie oorredingsvermoë. Hy sal ys aan 'n Eskimo kan verkoop! Elize het 'n eweredige lip- proporsie wat beteken sy kan lekker babbel en haar hande praat net so lustig saam. Sy is uitgesproke oor dinge wat haar na aan die hart lê en kan soms wens dat sy eerder gedink het voor sy praat. Maar sy word nie maklik om die bos gelei nie.**

ELIZE EN WILSON SE KIERSIE VAN WOOLWORTHS. PRODUKSIE EN STILERING: SUZANNE VENTER. HARE EN GRIMERING: KAREN VAN WYNGAARD MET PRODUKTE VAN OSIS.



"Hul wenkbroue wys dat Elize en Wilson albei met hope kreatiwiteit geseën is. Elize sal idees met Wilson deel en hy sal die praktiese toepassing daarvan uitwerk," sê Marthie.

“Wilson sal ure lank met die petroljoggie kan gesels. En o, as hy iemand met 'n ou Mercedes sien, sal hy die mense stop en eers met hulle gesels! Ons het ook 'n paar van hierdie ou dames. Nie dat hy eintlik veel meganiese kennis het nie; hy het net so brandende passie vir die goed. Ek is eerder meganies aangelê. Kan selfs 'n muurprop regmaak! Wilson nie.”

“'n Mens hou nooit op om van mekaar te leer en jou verhouding te evalueer nie. Dit is die werklikheid. Die werk aan 'n verhouding hou nooit op nie,” sê Wilson, en vryf oor sy deurmekaar wenkbroue.

ELVIS & CHIRÉZE

“Sy's darem maar mooi, nè?” sê Elvis, en kyk na sy vrou terwyl sy vir die fotosessie gegrimmeer word. Duidelik het hy voor haar skoonheid geswig, maar sy is vir hom veel meer as net “mooi”. “Sy het my nooit laat voel dat sy nié sonder my kan klaarkom nie. En enige man hou mos van sulke uitdagings!” sê hy laggend. Hy en Chiréze is al ses jaar getroud en het 'n twintig maande oue babadogtertjie, Lila. Hulle het mekaar op 'n kerkkamp ontmoet en was twee weke ná die eerste “hallo” 'n item. Chiréze se blou oë helder op toe sy sê: “Sy standvastigheid, selfvertroue en looks het my voete summier onder my uitgeslaan!”

● **Marthie sê:** Dié paartjie se neuse dui aan dat Chiréze en Elvis gemaklik saam aan 'n projek kan werk, maar hul werkstyl verskil en kan dalk konflik veroorsaak wanneer hulle 'n plan van aksie uitwerk. Hulle is albei analities en kan soms op kleinighede vashaak. Hulle kan gerus na mekaar luister en inspireer.

Die resultate is belangriker as die metode. Elvis moet waak daarteen dat sy interaksie met bewonderaars nie met Chiréze se behoeftes inmeng nie, sy kan soms sensitief voel daaroor. Albei het 'n behoefte aan erkenning en behoort mekaar gereeld te verseker van hul ondersteuning en liefde vir mekaar. Bowenal: “The home is where the heart is ...”

Elvis knik sy kop instemmend. “Ons moet mekaar gedurig daaraan herinner dat ons daar is vir die ander een. Die probleem in die glanswêreld is dat jy graag jou bewonderaars gelukkig wil hou. Ek raak maklik hierdeur weggevoer. Uiteindelik is dit tog die mense na aan jou – dié vir wie jy die liefste is – wat jou ware ondersteuning is.”

● **Marthie sê:** Die verskillende vorms van hul voorkoppe (Chiréze s'n is rond en Elvis s'n is skuins) wys hulle het verskillende denkprosesse en kan soms verskil oor hoe idees uitgevoer moet word.

Chiréze kan selfs voel dat Elvis haar idees kritiseer of dominerend is en vir haar wil voorskryf, maar wanneer sy haar idees kleurrik aan hom beskryf of illustreer, sal hy beter begrip daarvoor hê. Hy kan weer daarby baat vind om na haar kreatiewe idees te luister (sonder om haar in die rede te val) en so kan hulle saam oorspronklike sowel as praktiese planne maak.

Chiréze lag. “Impulsief. Dit is ek. Elvis sal lank oor 'n ding dink en dink. Dan sal ek sommer vir hom sê nee man, 'n mens moenie so lank en diep oor 'n ding dink nie. Doen nou net!”

Hy verwys hierna as sy Agilleshiel. “Elke man moet mos maar

'n swak plekkie hê! Soms dink ek ek het reeds vir haar iets vertel, dan wag sy nog dat ek dit met haar moet deel! En dis dan natuurlik wanneer sy op 'n ding hamer.”

● **Marthie sê:** Elvis se gesonke oë wys hy is ingetoë en privaat. Hy lyk gewoonlik kalm en ontspanne, maar is geneig om die lewe ernstig op te neem en is konstant besig om dinge te evalueer. Chiréze het 'n meer optimistiese uitkyk op die lewe en vertrou ander makliker as Elvis. Hy verkies dat ander eers aan hom bewys dat hy hulle kan vertrou. Hy is baie lojaal teenoor diegene wat sy vroue gewen of verdien het.

“Dis spot on, maar het baie uit te waai met die aard van my werk. Daar is maar altyd mense in hierdie bedryf wat jou in die steek sal laat omdat hul motiewe nie eg is nie. Ek het allerhande toetsies vir almal saam met wie ek werk – hulle weet dit nie, maar ek evalueer heeltyd mense se motiewe. Ek moet weet of ek iemand kan vertrou of nie, want eindelijk is hulle doenig met my kuns, en die kern van my wese,” sê hy.

● **Marthie sê:** Elvis het vol wange wat aandui dat hy almal om hom ewe belangrik laat voel. Hy aanvaar en respekteer mense soos hulle is. Hy het 'n vertikale lyn op sy regterwang wat aandui dat hy 'n gebrek aan ondersteuning in sy werksomgewing ervaar het. Maar die lyn bevestig dat hy grasiëus opgestaan het en teruggeveg het. Hy het nou insig en wysheid om ander te help en ondersteun.

“Ek het in die jare voor Idols baie mislukking beleef. Vyf van my albums was 'n algehele flop. Dit neem baie van 'n mens as jou drome lyk of hulle net nie gaan waar word nie. Maar my vrou het my in hierdie tyd ongelooflik bygestaan en haar positiewe uitkyk het my gedra. Ek twyfel ook nie dat die Here altyd maar 'n baie spesifieke pad met 'n mens stap nie, en dit was die pad was ek moes loop,” sê hy.

“Maar dit was die moeite werd,” sê Chiréze. “Nou pluk ons die vrugte van geduld, uithou en aanhou.”


● **Marthie sê:** Chiréze het “troosterwange” - 'n natuurlike gawe om mense beter te laat voel met haar positiewe energie. Haar sensitiewe geaardheid veroorsaak dat sy maklik kan sien wanneer ander troos of bemoediging nodig het.

Mense hou daarvan om in haar geselskap te wees. Haar uitdaging is om toe te laat dat ander haar ook soms troos wanneer sy dit nodig het.

Deur haar betrokkenheid by veral vigswesies, gee Chiréze heeltyd van haarself en haar tyd aan ander. “As sy nie oppas nie, sal sy haarself sommer heeltemal weggee!” sê Elvis met 'n laggie. “Mense kan hierdie besondere eienskap van haar nogal misbruik. Selfs by die huis is dit vir haar belangrik dat ons gelukkig is. Sy's ontsettend versorgend en gee altyd om.

“Ons besef op die ou einde maar te goed dit verg van albei van ons energie en tyd om die verhouding te laat werk. Dit bly 'n voortdurende uitdaging ... maar 'n man hou mos van 'n uitdaging!” sê Elvis, en knipoog vir sy blouoogvrou. ❁

ELVIS EN CHIRÉZE SE KIËRE VAN WOOLWORTHS. PRODUKSIE EN STILERING: SUZANNE VENTER. HARE EN GRIMERING: KAREN VAN WYNGAARD MET PRODUKTE VAN OSIS.



“Elvis moet waak daarteen dat sy interaksie met bewonderaars nie met Chiréze se behoeftes inmeng nie, sy kan soms sensitief voel daaroor. Albei het 'n behoefte aan erkenning en behoort mekaar gereeld te verseker van hul ondersteuning en liefde vir mekaar,” sê Marthie.